# KOEL KLERE VIR

## Hierdie twee spoggerige bostukke is maklik om te brei



# DIE WARM WEER

## GROEN GOLWE

**BENODIGDHEDE:** *150 g Pingouin-hekelgaring Nr. 5, dubbel gebruik; een paar elk breinaalde van 2,75 mm en 3,75 mm; 'n hekelpen van 3 mm.*

**MATE:** *Om borsmaat van 81-86 cm te pas.*

**SPANNING:** *27 ste en 34 rye = 10 x 10 cm oor patroon met 3,75-mm-breinaalde.*

**AFKORTINGS:** *r - brei regs; gl - glip; aw - brei aweregs; g vt - garing vorentoe; st(e) - steek(steke); tes - tesame; awg - aweregsgewys; herh - herhaal; ga - garing agter; weersk - weerskante; pat - patroon; grtgo - glip een steek, brei een regs, trek glipsteek oor; rif - riffelsteek (= een regs, een aweregs); rs - reksteek (= alle rye regs); RK - regte kant; gs - glipsteek; VK - verkeerde kant; m 1 - maak een steek.*

**Buissteek:** Gebrei oor ewe getal steke: **1e ry:** * r 1, g vt, gl 1 awg, ga *.
**2e ry:** r die gs, en gl awg die r-ste van vorige ry.

**Patroonsteek:** Gebrei oor 'n veelvoud van 16 ste.
**1e ry:** RK, deurgaans r.
**2e ry:** * r 4, aw 8, r 4; herh van *.
**3e ry:** * aw 3, r2 tes, r 3, m 1, r 3, grtgo, aw3; herh van *.

NA BLADSY 90



BOUCLÉ-BOSTUK



KANT IS KOEL

VAN BLADSY 73

**4e ry:** * r 3, aw 4, aw 1, r 1 in lus van m 1 op vorige ry, aw 4, r 3; herh vanaf *.
**5e ry:** * aw 2, r2 tes, r 3, m 1, r 2, m 1, r 3, grtgo, aw 2; herh vanaf *.
**6e ry:** * r 2, aw 12, r 2; herh vanaf *.
**7e ry:** * aw 1, r2 tes, aw 3, m 1, r 4, m 1, r 3, grtgo, aw 1; herh vanaf *.
**8e ry:** * r 1, aw 14, r 1; herh vanaf *.
**9e ry:** * r2 tes, r 3, m 1, r 6, m 1, r 3, grtgo; herh vanaf *.
**10e ry:** Deurgaans aw.
Dié 10 rye vorm die pat.

**AGTERPANT:** Met 2,75-mm-breinaalde stel 112 ste op en brei 3 rye buis-st, daarna 20 rye rif.
Slaan oor na 3,75-mm-breinaalde en pat-st en brei 70 rye pat — 21 cm. Heg af.

**VOORPANT:** Soos agterpant.

**BOONSTE RAND:** Met 3,75-mm-breinaalde stel 12 ste op en brei 8 rye rs.
* **Vlg ry:** r 5, m 1, r2 tes, r 5; herh tot einde.
**Vlg 9 rye:** Deurgaans rs. *
Herh van * tot * tot werk lank genoeg is om reg om bostuk oor borand te pas.

**AFWERKING:** Werk synate toe. Vou borandstrook dubbel en werk aan bostuk vas, sorg dat naat op synaat val. Werk borand af deur 'n ry kb aan VK van werk te hekel.

## KANT IS KOEL

**BENODIGDHEDE:** *300 g Twilley's Nr. 2, breinaalde van 3 mm; hekelpen van 3 mm.*

**MATE:** *Om borsmaat van 81-86 cm te pas.*

**SPANNING:** *26 steke en 40 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek met 3-mm-breinaalde.*

**AFKORTINGS:** *r - brei regs; aw - brei aweregs; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; st(e) - steek (steke); m 1 - maak een steek; pat - patroon; gl - glip; gs - glipsteek; alt - alternatiewe; rif - riffelsteek (= een regs, een aweregs); kb - kortbeen.*

**Kantpatroon: 1e ry:** aw.
**2e ry:** aw.
**3e ry:** *m 1, gl 1, r 2, trek glipsteek oor die 2 regssteke.
**4e ry:** aw.
Dié 4 rye vorm die pat en word deurgaans herhaal.

**L.W.:** Die kledingstuk word dwars gebrei.

**AGTERPANT:** Stel 126 ste op en brei kantpat tot werk 43 cm lank is — 172 rye. Heg af.

**VOORPANT:** Stel 126 ste op en brei kantpat vir ongeveer 6,5 cm — 26 rye.
**Halsvorming:** Vorm afskuinsing deur 30 keer 2 ste op alternatiewe rye af te heg. Vermeer daarna 30 keer 2 ste op alt rye aan halsrand.
Brei voort sonder vermeer tot reguit deel 6,5 cm — 26 rye — lank is.
Heg al die ste in een ry af.

**AFWERKING:** Tel 105 ste op oor onderste rand van voorpant en 105 ste oor onderste rand van agterpant en brei ongeveer 3 cm rif. Heg af.
Werk synate toe tot ongeveer 30 cm vanaf middel. Werk skouernate toe. Hekel 'n ry kb rondom halsrand en mousgate. Stoom liggies.

## BOUCLÉ-BOSTUK

**BENODIGDHEDE:** *150 g Pengouin Bouclé; een paar elk breinaalde van 3 mm en 3,25 mm; 85 cm dun rek.*

**MATE:** *Om borsmaat van 86-91 cm te pas.*

**SPANNING:** *26 steke en 32 rye = 10 x 10 cm met 3,25-mm-breinaalde.*

**AFKORTINGS:** *r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); rif - riffelsteek (= een regs, een aweregs); oks - omgekeerde koussteek (= een ry aweregs, een ry regs, die aweregskant is die regte kant van werk); beg - begin; oorbl - oorblywende; vermin - verminder; weersk - weerskante.*

**AGTERPANT:** Met 3,25-mm-breinaalde stel 120 ste op en brei 37 cm oks — 120 rye. Plaas ste op 'n reserwenaald.

**VOORPANT:** Met 3,25-mm-breinaalde stel 120 ste op en brei oks tot werk 37 cm lank is — 120 rye.
**Mousgatvorming:** Vermin 1 st aan weersk van elke 4e ry, 15 keer — 60 rye.
Brei voort op oorbl ste vir 3 cm — 10 rye.

**SKOUERBAND:** Met 3-mm-breinaalde stel 7 ste op en brei ongeveer 1 meter rif. Heg af.

**AFWERKING:** Werk synate toe. Begin aan bokant van een van die *mousgate* en tel ongeveer 60 ste tot by synaat op, dan die ste vanaf reserwenaald en daarna nog 60 ste oor 2e *mousgat* van synaat tot bopunt. Met 3-mm-breinaalde brei 6 rye rif oor die ste. Heg af.
Vou 'n soom van ongeveer 1,5 cm breed onder om en ryg rek daardeur. Vou ook 'n soom van 1,5 cm bo om en ryg die skouerband daardeur. Laat skouerbande mekaar kruis en werk hulle aan borand van agterpant vas. Stoom liggies. ●

